SÊ JOU SÊ!


# SLUITING VAN KLIPFONTEIN-DIENSPAD TUSSEN THORNTONWEG EN EAGLEWEG, EN DIE SLUITING VAN EASTSTRAAT TUSSEN KLIPFONTEIN-DIENSPAD EN SOUTHLAAN, ATHLONE

Die Stad Kaapstad se direktoraat stedelike mobliteit stel die permanente sluiting van die Klipfontein-dienspad tussen Thorntonweg en Eagleweg, en die permanente sluiting van Eaststraat tussen die Klipfontein-dienspad en Southlaan, Athlone voor om padveiligheid en verkeersvloei in die gebied te verbeter.

Daar is opgemerk dat voertuie wat deur die gebied ry aanhoudend die kruising tussen Thorntonweg, die Klipfontein-dienspad en North Link-weg via die Klipfontein-dienspad binnekom. Dit lei daartoe dat voertuie in die afgebakende "hou oop"-sone stop, wat die kruising versper en toegang uit Klipfonteinweg beperk, wat tot verkeersontwrigting lei.

Hierdie permanente sluiting sal keer dat verkeer deur residensiële gebiede ry om hoofroetes te vermy en die verkeersdruk by die kruising tussen Klipfontein-dienspad, Thorntonweg en North Link-weg verlig. Verder sal die permanente sluiting van Eaststraat keer dat verkeer die hoofroete via Southlaan probeer vermy.

Verkeersontleding en -waarneming steun die sluitings, maar 'n openbaredeelnameproses moet gevolg word om die sluitings te ondersteun.




Voorgestelde sluiting van Klipfontein-dienspad tussen Thorntonweg en Eagleweg, en die sluiting van Eaststraat tussen Klipfontein-dienspad en Southlaan in Athlone

Die publiek en belangstellende partye of groepe word die geleentheid gebied om van 3 Julie 2026 tot 3 Augustus 2026 kommentaar, aanbevelings of insette oor hierdie voorstel by die munisipaliteit in te dien. Daar word ook Woensdag 22 Julie 2026 tussen 15:00 en 19:00 'n openbare inligtingsdag/opedag by die Gleemoor Baptist-kerksaal, St. Simonsweg 38, Sunnyside, Athlone gehou.

**Kommentaar, aanbevelings of insette kan op die volgende maniere ingedien word:**

**Aanlyn:** Skandeer die QR-kode om jou kommentaar digitaal in te dien of besoek www.capetown.gov.za/haveyoursay of www.capetown.gov.za/collaborate;

**E-pos:** urbanmobility.CT@capetown.gov.za (meld verwysing: 110252622)

**Skriftelike voorleggings:**

- Subraad 11 – Dulcie September-burgersentrum, h.v. Protea- en Klipfonteinweg, Kewtown, Athlone, 7764
- Athlone- openbare biblioteek – h.v. Ou Klipfonteinweg en Dobsonweg, Athlone, 7764

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef of uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help. Kontak Zandile Mahlasela by 021 400 5501 of zandile.mahlasela@capetown.gov.za.

**Vir tegniese inligting oor die projek, kontak Tim de Villiers by 021 444 3075 of Timothy.DeVilliers@capetown.gov.za.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA131/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**